



Verwysing: 20210318-1710
Lêerno.: 13/11/2
Navrae: Volgens tabel 17.1

Eksamenadministrasieminuut: 0002/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Vakadviseurs, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandideer vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4-eksamens voorberei

Onderwerp: Aanstelling van opsieners vir die Junie 2021 Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) aanvullende/Senior Sertifikaat SS-, Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) Vlak 4-eksamens en November 2021 Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamens

1. Ingevolge die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 37651 van 16 Mei 2014, **moet die provinsiale departemente van onderwys die prinsipaal van 'n skool as die hoofopsiener vir die NSS-eksamens aanstel.**
2. Prinsipale en sentrumbestuurders van leersentrums vir volwassenes mag hierdie verantwoordelikheid skriftelik aan 'n lid van die skoolbestuurspan (SBS) wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in diens geneem is, deleger. Die prinsipaal/sentrumbestuurder sal egter uiteindelik volle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die afneem van alle eksamens by hul skool/sentrum aanvaar.
3. Die senior opsiener sal as die hoofopsiener vir die NSS se aanvullende en SS-eksamens wat in Mei/Junie 2021 afgelê sal word, dien.
4. In die November 2021 NSS-eksamens word daar van die senior opsiener, wat 'n lid van die gemeenskap moet wees, verwag om die hoofopsiener met die administrasie en afneem van die eksamen te ondersteun. Onder geen omstandighede moet die senior opsiener volle verantwoordelikheid vir al die administratiewe take wat met die November 2021 NSS-eksamen verband hou, neem nie.

5. Prinsipale en sentrumbestuurders van leersentrums vir volwassenes word versoek om geskikte persone vanuit die gemeenskap as senior opsieners en opsieners vir die bogenoemde eksamens te werf.
6. Die prinsipaal/sentrumbestuurder of sy/haar afgevaardigde moet seker maak dat al die addenda wat by hierdie minuut aangeheg is, ingevul word en dat oorspronklike dokumente ingedien word. **Afskrifte sal nie aanvaar word nie.**

Addenda A & B – Z83

Addendum C – Nominasie van opsieners

Addendum D – DBE3-vorm (**met belastingnommer en deur bank gestempel**)

Addendum E – Dienskontrak vir tydelike indienseeming van gemeenskapslede

Addendum F – MIE persoonlike getuigskrif-openbaarmakingsvorm

Addendum G – Bywoningsregister

7. **Kontroliering van opsieners se geskiktheid**

Die prinsipaal/sentrumbestuurder of sy/haar afgevaardigde moet seker maak dat alle opsieners ooreenkomstig Regulasie 57(1)(c) van die *Staatsdiensregulasies, 2016*, gesif en aangestel word.

7.1 Addendum F (MIE) moet deur alle genomineerde opsieners ingevul word.

- (a) Nagaan van misdadagtergrond
- (b) Bevestiging van burgerskap
- (c) Bevestiging van kwalifikasies
- (d) Bevestiging van vorige indienseeming

8. Die volgende gemeenskapslede **mag nie** as toesighouers aangestel word **nie**:

- WKOD-amptenare of gemeenskapslede in voltydse of kontrakposte.
- Gemeenskapslede wat uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement ontslaan is. 'n Opvoeder of gemeenskapslid wat 'n vrywillige skeidingspakket by enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement geneem het.
- 'n Opvoeder of gemeenskapslid wat weens swak gesondheid by enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement uitgetree het.
- Aansoekers wat 65 jaar oud is of tydens die toesigtydperk 65 jaar oud sal word.

9. Prinsipale en sentrumbestuurders van leersentrums vir volwassenes word versoek om SLEGS persone wat voldoen aan die kriteria in paragraaf 10 aangedui, te werf.

10. **Maatstawwe vir die aanstelling van opsieners**

10.1 'n Persoon kan slegs vir aanstelling as hoofopsiener, senior opsiener of opsiener oorweeg word indien hy/sy:

10.1.1 ten minste 25 jaar oud is, maar nie ouer as 65 jaar oud is nie;

10.1.2 nie 'n familielid van 'n kandidaat wat die eksamens aflê, is nie;

10.1.3 nie die huweliksmaat of naasbestaande van die hoofopsiener is nie;

10.1.4 'n Suid-Afrikaanse burger is; en

10.1.5 ten minste 'n NSS/SS (matriek) -kwalifikasie besit.

11. **Algehele getal opsieners**

11.1 Benewens die hoofopsiener, **moet een opsiener vir elke 30 kandidate aangestel word. Alle lokale moet ten volle benut word voordat 'n bykomende lokaal gebruik word.**

11.2 By sessies waar daar slegs 'n paar kandidate is, sal die dienste van een opsiener voldoende wees. In sodanige gevalle sal die senior- of hoofopsiener nie toesighoudende pligte verrig nie, behalwe om 'n opsiener wat 'n kandidaat na die badkamer moet vergesel, af te los.

11.3 Indien al die kandidate manlik is, word daar aanbeveel dat die hoofopsiener, senior opsiener en opsieners ook manlik is. Indien al die kandidate vroulik is, word daar aanbeveel dat die hoofopsiener, senior opsiener en opsieners ook vroulik is. Indien daar manlike sowel as vroulike kandidate is en die hoofopsiener manlik is, moet minstens een van die opsieners vroulik wees, of, indien die hoofopsiener vroulik is, moet minstens een van die opsieners manlik wees.

11.4 Wanneer die dienste van bykomende opsieners benodig word om twee of meer eksamenlokale terselfdertyd te hanteer, sal die hoofopsiener nie normale toesighoudende pligte verrig nie, maar sal versoek word om die pligte van 'n hoofopsiener by al die lokale te verrig.

12. **Nominasie van opsieners**

12.1 **Junie 2021 se NSS- aanvullende, SS- en OOV Vlak 4-eksamens**

12.1.1 Die prinsipaal/sentrumbestuurder of sy/haar afgevaardigde sal as die hoofeksamen-beampte aangestel word en sal aanspreeklik wees vir die bestuur en administrasie van Junie 2021 se NSS- aanvullende/SS-eksamens.

Die hoofeksamenbeampte sal deur die senior opsiener (gemeenskapslid) bygestaan word met die afneem van Junie 2021 se NSS- aanvullende/SS-eksamens. Hierdie persoon sal as die hoofopsiener aangestel word.

12.1.2 Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet skriftelik gemeenskapslede nomineer wat as die hoofopsiener en opsieners vir Junie 2021 se NSS- aanvullende/SS- en VOO Vlak 4-eksamens diens sal verrig.

12.1.3 Die prinsipaal/sentrumbestuurder moet 'n persoonlike onderhoud met die persoon wat as senior opsiener genomineer is, voer om die genomineerde se lees-, skryf-, gehoor- en gesigsvermoëns te assesser, asook die persoon se algemene gesondheidstoestand. Genomineerdes moet in staat wees om die eksameninstruksies duidelik te verstaan en in werking te stel.

12.1.4 Wanneer die prinsipaal tevrede is dat die senior opsiener 'n geskikte persoon is wat in staat is om die vereiste pligte uit te voer, moet hy/sy die aanvaardingsbrief vir die senior opsiener onderteken.

12.1.5 Die hoofopsiener en senior opsiener moet ingelig word dat daar van hulle verwag sal word om opleidingsessies vir opsieners wat deur die WKOD aangebied word, by te woon.

12.1.6 Die lys en aanstellingsvorme van alle gemeenskapslede wat as opsieners vir hierdie eksamens aangestel word, moet teen **Dinsdag, 16 April 2021** by die distrikskantoor ingedien word.

12.1.7 Die assesserings- en eksamenkoördineerder by die distrikskantoor moet die nominasievorme wat van al die eksamensentrums ontvang is, insamel en dit in een versamelde pak by Hoofkantoor teen **Vrydag, 23 April 2021** indien.

12.2 **Die November 2021 NSS- en OOV Vlak 4-eksamens**

12.2.1 Die prinsipaal moet seker maak dat, vir die NSS-eksamensessies, **50% van die opsieners onderwysers en 50% gemeenskapslede is.**

12.2.2 Onderwysers wat as opsieners diens doen, **hoef nie** op die rooster geplaas te word om vir die volle duur van elke eksamensessie toesig te hou **nie.**

12.2.3 'n Onderwyser wie se kind die NSS-eksamen aflê by die skool waar hy/sy in diens is, **moet nie** as 'n opsiener aangestel word **nie.**

12.2.4 Dit is noodsaaklik dat 'n onderwyser nie toesig hou by die vak wat hy/sy by die skool onderrig nie.

12.2.5 Die prinsipaal moet alle onderwysers wat as opsieners tydens die NSS-eksamen diens sal doen, skriftelik aanstel. Die lys en aanstellingsvorms van al die onderwysers en gemeenskapslede wat as opsieners aangestel is, moet teen **Vrydag, 06 Augustus 2021** by die distrikskantoor ingedien word.

12.2.6 Die assesserings- en eksamenkoördineerder by die distrikskantoor moet die nominasievorms wat van al die eksamensentrums ontvang is, insamel en die nominasievorms in een versamelde pak teen **Vrydag, 13 Augustus 2021** by Hoofkantoor indien.

13. **Pligte van hoofopsieners, senior opsieners en opsieners**

13.1 Die pligte van hoofopsieners, senior opsieners en opsieners verskyn in die **Eksamen-prosedure-handleiding, aangeheg as Bylae A**.

13.2 Opsieners moet nie kandidate met enige onreëlmatige aktiwiteite tydens die afneem van 'n eksamen help nie. Die WKOD sal nie huiwer om 'n strafregtelike aanklag in te dien teen enige opsiener wat skuldig bevind word aan enige betrokkenheid by 'n onreëlmatigheid nie.

13.3 Hoofopsieners, senior opsieners en opsieners moet hul **identiteitsdokumente, mees onlangse akademiese rekords en aanstellingskontrakte** vir die duur van die eksamens by hulle dra.

13.4 Prinsipale moet 'n opsienerrooster opstel en dit aan die betrokke kringbestuurder voorlê sodra die aanstellings van opsieners goedgekeur is.

13.5 Die opsienerrooster moet opsieners en aflos-opsieners vir elke eksamensessie insluit.

14. **Opleiding van opsieners vir die NSS-, SS- en OOV Vlak 4-eksamens**

14.1 Opleiding vir prinsipale, hoofopsieners, senior opsieners en gemeenskapslede sal in **Augustus en September 2021** plaasvind en is verpligtend.

14.2 Senior opsieners wat **binne 'n 75 km-radius** van die skool of sentrum af woon waar die opleiding plaasvind, **sal vir een bykomende sessie betaal word** om vir reiskostes te vergoed.

14.3 Senior opsieners wat **verder as 75 km** van die opleidingslokaal af woon, sal vir **twee bykomende sessies** betaal word om vir reiskostes te vergoed.

14.4 Die prinsipaal van die skool moet seker maak dat alle opvoeders en gemeenskapslede wat as opsieners aangestel is, ten volle vir die uitvoering van hul pligte as opsieners opgelei is.

- 14.5 Opleiding moet afgewentel word vanaf prinsipale en hoofopsieners na alle opsieners wat nie 'n Hoofkantoor-opleidingsessie bygewoon het nie.
- 14.6 Opleidingsregisters moet op skoolvlak as bewys ingevul word en moet die tyd en lokaal vir die opleiding aandui, asook die name van die opsieners wat die sessie bygewoon het.
15. **Nominasies en goedkeuring van hoofopsieners, senior opsieners en opsieners vir alle eksamens**
- 15.1 **Addenda A en B (Z83)** moet deur die prinsipaal of sentrumbestuurder ingevul word. Die kringbestuurder moet die genomineerdes bevestig en aanbeveel en die dokumente na die assesserings- en eksamenkoördineerder aanstuur vir indiening by Hoofkantoor vir finale goedkeuring en aanstelling. **Addendum C** moet dan deur die prinsipaal of sentrumbestuurder ingevul en onderteken word.
- 15.2 **Addendum G** moet deur die prinsipaal of sentrumbestuurder ingevul en onderteken word om die getal sessies wat afgehandel is, te bevestig.
- 15.3 Die nominasies van senior opsieners moet vergesel word van gewaarborgte afskrifte van elke genomineerde se identiteitsdokument, 'n curriculum vitae van een bladsy en sy/haar akademiese kwalifikasie(s), wat hulle graad 12-sertifikaat moet insluit.
- 15.4 Aansoekers of genomineerdes wat elders om 'n voltydse betrekking aansoek gedoen het, moet verkieslik nie vir aanstelling oorweeg word nie.
- 15.5 Slegs 'n persoon wie se aanstelling deur Hoofkantoor goedgekeur is, mag die pligte van 'n opsieners uitvoer. Opsieners mag onder geen omstandighede plaasvervangers vir enige deel van hulle werk aanstel nie. Indien omstandighede 'n hoofopsieners, senior opsieners of opsieners verhoed om tydens 'n eksamen toesig te hou, moet die prinsipaal of sentrumbestuurder, in oorlegpleging met die kringbestuurder, reëlings tref vir die aanstelling van 'n plaasvervanger, en die Direkoraat: Eksamenadministrasie moet onmiddellik oor die verandering ingelig word. Plaasvervangers moet ook hul bankbesonderhede en belastingverwysingsnommer op die aangehegte **Addendum D-vorm** verskaf. **Neem asseblief kennis dat slegs oorspronklike dokumente aanvaar sal word.**
16. **Dienskontrak**
- Alle hoofopsieners, senior opsieners en opsieners moet bereid wees om 'n dienskontrak met die WKOD oor hul pligte en verantwoordelikhede gedurende die eksamens aan te gaan. Die kontrak sal vir die duur van die **Junie 2021- en November 2021-eksamens** geld.

17. Indien van nominasievorms

- 17.1 Na die bevestiging van **Addenda A & B (Z83), C, D, E en I**, moet die assesserings- en eksamenkoördineerder dit saam in een pak by die **toepaslike amptenaar, soos hieronder aangedui**, indien:

LW: SLEGS OORSPRONKLIKE DOKUMENTE SAL VIR VERWERKING AANVAAR WORD.

| Distrik | Verantwoordelike amptenaar | Telefoonnommer |
|------------------------|--------------------------------|----------------|
| Metro-Noord | Johnnie Isaacs (Hoofkantoor) | 021 467 2974 |
| Metro-Sentraal | Farrel Jacobs (Hoofkantoor) | 021 467 2893 |
| Metro-Sentraal | Gail Laguma (Hoofkantoor) | 021 467 2909 |
| Metro-Suid | Peggy Thomas (Hoofkantoor) | 021 467 2930 |
| Metro-Oos | Gideon Dilgee (Hoofkantoor) | 021 467 2941 |
| Weskus | Patricia Liguma (Hoofkantoor) | 021 467 2936 |
| Kaapse Wynland | Lindsay Weber (Hoofkantoor) | 021 467 2732 |
| Overberg | Patricia Liguma (Hoofkantoor) | 021 467 2936 |
| Eden en Sentrale Karoo | George Valentine (Hoofkantoor) | 021 467 2978 |

- 17.2 **Opsomming van voorleggingsdatums vir nominasievorms van opsieners:**

17.3 Junie 2021 se NSS- aanvullende/SS- en OOV Vlak 4-eksamens: **23 April 2021.**

17.4 November 2021 se NSS- en OOV Vlak 4-eksamens: **13 Augustus 2021.**

18. Besoldiging van opsieners

18.1 Die WKOD sal opsieners uit die gemeenskap ooreenkomstig die Personeel-administrasiemaatreëls, **Hoofstuk D**, aanstel en besoldig.

18.2 **Onafhanklike skole, kolleges en gevangnisse is verantwoordelik vir die besoldiging van hulle eie opsieners.** Prinsipale van onafhanklike skole, hoofde van kolleges en gevangnisse moet egter daarop let dat dit **verplichtend** is om **Addenda A & B (Z83), C en E in te vul en dit aan die WKOD terug te stuur**, selfs al word die opsieners van hierdie inrigtings nie deur die WKOD betaal nie.

- 18.3 **Staatsdienspersoneel en onderwysers (op kontrak en permanent)**, wat 'n **salaris van die WKOD** ontvang en ook **as opsieners diens doen, sal nie** deur die WKOD vir opsienerpligte **besoldig word nie**.
- 18.4 Die huidige tarief (onderhewig aan verandering) vir toesighouding is **R257,10 per sessie vir 'n senior opsiener** en **R171,40 per sessie vir 'n opsiener**.
- 18.5 **Opsieners sal onder geen omstandighede vir reiskoste wat ten opsigte van die uitvoer van opsienerpligte aangegaan is, vergoed word nie**. Prinsipale en sentrumbestuurders moet dus opsieners vanuit die onmiddellike gemeenskap wat deur die skool of sentrum bedien word, aanstel.
- 18.6 Die regulasies (IRP10) oor die betaling van werknemersbelasting bepaal dat alle salarisse van persone in deeltydse indiensneming onderhewig aan 'n belastingaftrekking van 25% is. Die WKOD sal dus **25% belasting affrek van die bedrae wat aan opsieners betaal word vir die dienste wat gelewer is. Die indien van 'n belastingaanwysing vir werknemers (IRP3) is dus nie meer van toepassing nie**.
- 18.7 Opsieners wat kwalifiseer vir vrystelling of gedeeltelike vrystelling van die betaling van werknemerbelasting moet, na ontvangs van 'n IRP5-sertifikaat, die sertifikaat saam met die voorgeskrewe IT12 S-vorm aan hul plaaslike Suid-Afrikaanse Inkomstediens-kantoor voorlê. IRP5-sertifikate sal in Junie of Julie van die jaar na hul tydperk as opsieners na opsieners per koerier gestuur word.
- 18.8 Om die uitbetaling van opsieners se eise te bespoedig, moet elke senior opsiener of opsiener sy/haar **identiteitsnommer** op die aanvaardingsvorm skryf en 'n gewaarborgde afskrif van sy/haar identiteitsdokument aanheg. **Addendum D**, wat ook die **belastingverwysingsnommer** weergee, moet deur **alle senior opsieners en opsieners uit die gemeenskap** ingevul word. Hierdie vorm moet ingevul en as korrek gewaarmerk word en die bankrekening moet deur die betrokke bank as aktief verklaar word.
19. Maak asseblief seker dat 'n afskrif van hierdie eksamenadministrasieminuut aan die prinsipaal of sentrumbestuurder of sy/haar afgevaardigde, die senior opsiener en elke bykomende opsiener oorhandig word.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-03-30